

Naamloos



Youth mag

November en Desember 2015

Uitgawe 10

NG Gemeente Rietfontein-Suid

In aanbidding voor God 

Geseënde Kersfees...





Beste vriend en vriendin in geloof.

Die einde van die jaar is op ons en ek kan nie glo die tyd het so gou verby gegaan nie. Aan die wat besig is met eksamen, baie sterkte vir julle met die voorbereiding en die skryf van elke vrastel. My gebed is dat julle God se teenwoordigheid sal ervaar en dat julle met goeie punte geseën sal wees. Seën vir almal met die laaste maand en 'n half wat oorbly.

Kersfees en nuwejaars boodskap.....

Die woorde van Koos du Plessis se lied "Somerkersfees" (Welkom, o stille nag van vrede – Lied 358) raak my altyd baie diep. Die refrein se woorde veral laat mens baie diep besin oor die waarde en betekenis van Kersfees. "Kersfees kom, Kersfees kom, gee aan God die eer. Skenk ons 'n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer." Met Kersdag wat vinnig nader kom, is die winkels stampvol en beplan 'n ieder en elk aan maaltye, geskenke, vakansies en familie- kuiers. Ons raak behep met die uiterlike vertoon van kersbome en liggies. Die ware betekenis van Kersfees raak weg in die mensgemaakte rituele en tradisies. My hartswens is dat elke mens op aarde die wonder sal raaksien van 'n God wat na die wêreld toe gekom het om ons lig te wees. Ek wens elkeen die vrug van die Gees toe: liefde, vreugde, vrede, vriendelikheid, geduld nederigheid, getrouheid en goedhartigheid. Mag ons aan God alleen die eer gee. 'n Geseënde Christusfees aan almal en mag 2016 met entoesiasme en nederigheid aangepak word, met God as stuurman van ons lewens.

Gemeente Visie:

Deur Christus-liefde gee ons vir almal om!

November 2015

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00	2	3	4 Solum 18:30	5	6	7
8 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00	9	10	11 Solum 18:30	12	13	14
15 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 Biddag vir reën	16	17	18 Solum 18:30	19	20	21
22 Geen Aanddiens nie!!!	23	24	25 Solum 18:30 Afsluiting	26	27	28
29 Jeugkuier 17:15 🎵kers- sangdiens🎵 18:30-19:30	30					

“Mense kan hoop hê vir die toekoms as hulle die moontlikhede van môre ernstig opneem en hulle nie laat vasbind aan die slegte rekord van gister nie” **Moltmann**

Desember 2015

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		1	2	3	4	5
6 Oggenddiens 📖 09:00	7	8	9 Skole Sluit	10	11	12
13 Oggenddiens 📖 09:00	14	15	16 <u>08:00</u> 📖 Geloftediens	17	18	19
20 Oggenddiens 📖 09:00	21	22	23	24	25 <u>08:00</u> 📖 Kersdiens (Kersoffer vir Huis Quanessa)	26
27 Oggenddiens 📖 09:00	28	29	30	31 <u>18:00</u> 📖 Oujaarsdiens		


"Moenie aan jou hoop vashou nie, maar hou vas aan Christus, die Bron van ons hoop" – Charles H. Spurgeon

Sondag Selgroepe




Graad 8 -seuns & dogters

Andrea 079 778 6125



Graad 9 - seuns & dogters

Andrea 079 778 6125



Graad 10 - seuns & dogters

Channelle 072 575 8904



Graad 11 - seuns & dogters

Stanwin 079 525 5695

“Hoop beteken ons sien die wêreld met al sy pyn en onreg nugter raak,
maar ons is ook op die uitkyk vir tekens van hoop wat ons orals sien”

Week Selgroepe

SOLUM
NG GEMEENTE RIETFontein-SUID

Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van **18 en 35** is wil ons jou uitnooi om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

Stanwin 079 525 5695



HOPE BOKS PROJEK

R 25 per Boks

Kontak: Petro Jonker

072 048 9856





Ons benodig mense wat musikaal
is, so as jy 'n instrument kan
speel of weet van iemand.
Skakel vir Johann Dednam
Tel: 083 261 7040



 **Spreekure**

Kontak gerus vir Stanwin en maak 'n afspraak:

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

Enige een is welkom!

Stanwin 079 525 5695 (24/7)



Bemoediging...



As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy welkom om enige een van die Leiers te kontak en 'n afspraak met hulle te maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is belangrik vir ons!




Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu. Hy is 11 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net 'n ma wat na hom omsien, so die kans vir behandeling of 'n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om 'n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring 'n geldjie saam.

Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand 'n Jeugkuier waartydens daar dan nie kategese is waar al die jeug dan saam in die saal bymekaar nie, maar kom en lekker saam as 'n groot groep kuier, met koeldrank, chips en lekkers.



JESUS

answered, "I AM THE WAY and the truth and the life. No one comes to the Father except through me.



Waar jy betrokke kan raak...

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.



Gaan  like ons
op Facebook.



**NG Gemeente Rietfontein-
Suid Oos**



Youthbash

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 18:00 – 19:30 Almal is Welkom!

**Wil jy in die
naamloos
adverteer?**

Skakel vir Stanwin
079 525 5695
stanwins@gmail.com




Socials!



Movie aand 30 Okt 2015



Humor...



Gebedsmuur...



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daaglik vervolg in die oë staan, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daaglik hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- www.opendoors.org.za

Wêreldwaarnemingslys 2015:

- 
- | | |
|-----------------------------------|--------------------------------|
| 1. Noord Korea | 26. Palestynse Gebiede |
| 2. Somalië | 27. Broenei |
| 3. Irak | 28. Laos |
| 4. Sirië | 29. China |
| 5. Afganistan | 30. Jordanië |
| 6. Soedan | 31. Bhoetan |
| 7. Iran | 32. Comore |
| 8. Pakistan | 33. Tanzanië |
| 9. Eritrea | 34. Algerië |
| 10. Nigerië | 35. Colombië |
| 11. Maleië | 36. Tunisië |
| 12. Saoedi-Arabië | 37. Maleisië |
| 13. Libië | 38. Mexiko |
| 14. Jemen | 39. Oman |
| 15. Oesbekistan | 40. Mali |
| 16. Viëtnam | 41. Turkye |
| 17. Sentraal-Afrikaanse Republiek | 42. Kazakstan |
| 18. Katar | 43. Bangladesj |
| 19. Kenia | 44. Sri Lanka |
| 20. Turkmenistan | 45. Tadjikistan |
| 21. Indië | 46. Azerbaidjan |
| 22. Ethiopië | 47. Indonesië |
| 23. Egipte | 48. Mauritanie |
| 24. Djiboeti | 49. Verenigde Arabiese Emirate |
| 25. Mianmar | 50. Koeweit |

Inligting oor van die lande

Egipte



Die omstandighede vir Christene in Egipte word al hoe moeiliker, nie net vir Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond nie, maar ook meer en meer vir die groter plaaslike Koptiese gemeenskap. Gedurende die verslaggewingstydperk is 65 kerke, Christenboekwinkels, Christenskole en kloosters, tot op die grond afgebrand, vernietig of besteel deur bendes, wat gereeld aangevuur word deur radikale Islamitiese bewegings.

In die geval van Christenbekeerlinge vanuit 'n Moslemagtergrond, is hul familie gereeld 'n bron van hul vervolging. Die regering kon tot dusver nog nie die nodige wet en orde in plek stel ter beskerming van Christene nie. As politieke onrus voortduur en die ekonomiese uitdagings nie aangespreek word nie, sal sosiale optogte nie tot 'n einde kom nie. Namate radikale Islam die land se kultuur stelselmatig oorneem, ontstaan daar 'n groeiende sentiment om Christene te verwerp.

Hoofbronne van vervolging:

- Islamitiese ekstremisme
- Diktatoriale paranoia
- Georganiseerde korrupsie

Vir meer inligting besoek: (<https://www.opendoors.org.za>)

Youth Bash



**Feeding the
Community**

Ons wil jou vra om met elke Youth Bash geleentheid, om vir ons asb. te minste een blikkie kos sal saam bring as "toegang". As jy meer kan bring, sal dit wonderlik wees.



God
doesn't call the
qualified

He
qualifies the
called

Die BYBEL KOEK resep!

BESLAG:

1 k Rigters 5:25 (Botter)

2 k Jeremia 6:20 (Suiker)

6X Esegïel 10:14 (eiers)

3 ½ k Konings 4:20 (meel)

½ t Levitikus 2:13 (sout)

2 t 1 Korintiërs 5:5 (bak poeier)

¼ t elk van 3 wat genoem word in 1 Konings 10:2 (kaneel, neutmeskaat en gemengde speserye)

1 k Genesis 24:11 (water)


1 e Exodus 16:31 (heuning)

2 k elk van 1 Samuel 25:18 (rosyntjies en vye)

1 k Genesis 43:2 (Gekapte neute)



Verroom botter en suiker. Meng eiers een vir een in. Sif sout, meel, bakpoeier en speserye saam in die suiker mengsel in. Meng heuning en water en voeg by die mengsel. Meng goed. Voeg nou die rosyntjies, vye en neute by. Gooi mengsel in koekpan en bak teen 180 grade tot gaar. Verkwik jou siel!



Boelies se gedrag is onaanvaarbaar....

Die afgelope tyd was boeliepraktyke weer baie in die kollig. As mens oor boelies praat kan daar nie een skool of `n spesifieke dorp geïdentifiseer word nie. Boelies is te vinde in alle skole en dorpe deesdae. Om iemand te boelie is ook nie iets wat `n paar jaar terug eers ontstaan het nie, kinders word al vir eeue lank geboelie en gespot oor verskeie redes. Ek dink net dat oor die afgelope paar jaar al hoe erger geword het onder jongmense. As `n kind geboelie word, raak dit almal. Natuurlik raak dit die slagoffer die meeste. Hy voel aaklig en magteloos en wil selfs nie meer skool toe kom nie. As jy geboelie word, kan dit so erg vir jou wees, dat jy in niks meer belangstel nie. Jy kan selfs begin dink dat dit jou skuld is en dat die boelie die reg het om jou so te behandel. `n Kind wat geboelie is, kan as volwassene steeds daaronder ly. Niemand mag geboelie word nie. Moet ook nie dink dit is jou skuld as jy geboelie word nie. Onthou dat boelies enigiemand kan uitkies om mee lelik te wees. Baie keer boelie hulle ander kinders, omdat hulle jaloers is. Dit veroorsaak baie pyn by die kind wat geboelie word en dit mag nie geduld word nie.

Boelies is nie altyd so sterk soos wat hulle lyk nie

Boelies lyk altyd of hulle baie sterk is en mag het, maar het jy geweet dat hulle eintlik baie eensaam is?.

Hul sogenaamde vriende maak net asof hulle sy/haar vriende is. Baie van die kere is dit omdat hulle self bang is dat hulle geboelie gaan word dat hulle ander boelie. Dit kan ook wees dat dinge by die huis nie goed gaan nie en nou haal die boelie dit op ander uit. Dit kan ook wees dat boelies nie geleer is om op `n mooi liefdevolle manier met hulle naaste saam te leef nie. As `n kind dit nie reeds van kleins af leer nie, gaan hy /sy ook moontlik verhoudingsprobleme as volwassene hê. Dit beteken nie dat dit aanvaarbaar is om iemand te boelie nie, nee boelie gedrag moet aangespreek word en gestop word, anders gaan dit net meer jongmense se lewens verwoes. Boelies mag dalk dink dit is "cool" of snaaks om iemand te boelie of sleg te sê, maar dit is nie. God het ons almal in Sy beeld geskape en dus is ons almal gelyk aan mekaar, daar is nie iemand wat beter is as die ander nie. Daarom is dit niemand se reg om iemand af te kraak of sleg te sê nie.

Stop die boelie gedrag!

Niemand kan `n boelie self stop nie. Jy het die hulp van klasmaats, vriende en volwassenes nodig. Die eerste stap na die oplossing is om daaroor te praat. Dit is ook die belangrikste stap. As almal maar net stilbly, sal die geboelie steeds voortgaan. Indien jy by die skool geboelie word, moet jy dit vir jou onderwyser vertel. Net die feit dat jy daaroor praat kan somer al baie help. Saam met die onderwyser soek jy die mees geskikte oplossing. As jy voel die probleem word nie as ernstig beskou nie, sê dit! Gaan soek dan iemand wat wel sal luister, selfs al moet jy met die hoof gaan praat.

Hulp van die toeskouers...

Kinders wat geboelie word, voel soms baie skaam daaroor. Hulle is bang en durf nie daaroor praat nie. Die boelie self sal ook nie somer daaroor praat nie. Die meeste boelies kom nie eens agter waarmee hulle besig is nie, of dat hulle self hulp nodig het nie. Is jy dalk `n toeskouer? Dan speel jy `n groot rol in die oplossing van die probleem. Jy kan makliker iets daaraan doen omdat jy nie self daarby betrokke is nie. Praat met jou klasmaats daaroor en met die onderwyser om die saak aan te spreek so gou as moontlik.

Ontspanning



'Bible Trivia'



Toets jou Bybel kennis. Kyk of jy die volgende vrae kan reg kry:

1. Wat is die prostituut se naam wat die spioene gehuisves het?

- a. Ragab
- b. Ragel
- c. Naomi

2. Van hoeveel gemeentes word daar gepraat in die boek Openbaring?

- a. 6
- b. 3
- c. 7

3. Wie moes die boekrol in Openbaring eet?

- a. Johannes
- b. Petrus
- c. Paulus

4. Wie in die Ou Testament was in die leeu kuil gegooi?

- a. Josef
- b. Jakoob
- c. Daniël

5. Watter drie kerke vorm die 3 suster kerke?

- a. NG Kerk, Hervormde Kerk, Gereformeerde Kerk
- b. NG Kerk, Doxa Deo, Lewede Woord
- c. NG Kerk, AGS, Doxa Deo

6. Op watter berg het God die 10 gebooië vir Moses gegee?

- a. Horeb
- b. Ararat
- c. Sinai

7. Wat is die naam van die laaste boek in die Ou Testament?

- a. Sagaria
- b. Maleagi
- c. Haggai

8. Wat is die naam van die persoon wat vir Judas vervang het as apostel?

- a. Josef
- b. Barnabas
- c. Mattias

9. Hoe oud was Abraham toe Isak gebore is?

- a. 100
- b. 87
- c. 95

10. Wie was bekend as die geliefde dissipel?

- a. Matteus
- b. Johannes

Waar of Vals ???


1. Katolieke en Protestante stem saam oor watter boeke in die Bybel ingesluit moet word?
2. Josua het die son beveel om stil te staan en die son het stil gestaan?
3. Simson se vrou was `n Moabiet?
4. Saul was deur die mense as koning van Israel aangestel?
5. Jesaja het Jesus se geboorte in die Ou Testament voorspel?
6. Jesus het twee blindes genees, wat hom gevolg het en gesê het: "Seun van Dawid, wees ons genadig"?
7. Salomo het `n 1000 vroue gehad?
8. Noag was 40 dae lank in die boot gewees?
9. Die 10 gebooie word op 3 plekke in die Bybel gevind?
10. Josef was sy pa se jongste seun?

1. V, 2. W, 3. V, 4. V,
5. W, 6. W, 7. W,
8. W, 9. W, 10. V



Sudoku

THE NUMBERS GAME



3	9					4	6
			9	3	7	2	8
	7			6			5
	1	3		2		8	6
2				9	3	1	7
				1	8	4	2
8						2	1
	3			5		7	4
5		4	1	7		9	8

	9	8	7		2		3	6
		5	6	9	8			
2		4	1				7	
8	4		5			6		3
9			4					8
	7	6					1	4
				1	3		6	5
3	1	2			6	4		
	5		8	7		3	2	

6	3	1						
7		9	5		1			3
2	4		8		9		7	1
5	2			9	3	7		
	6						8	5
	7				5	2	4	9
		7		1		9	6	4
4		2		5	6	8		
8		6			7			

		8		2		6		3
	2	1		3				
		9		5	8		1	
					4	3	9	1
						2	8	
9		3	8	7			6	5
5	9	2	6	8		1	7	4
1		4	2			8		
			1	4	7		2	9

	2			7	8	1		
8			2		6	4	5	
	6	1		3				2
		8		4	5	9		1
7		5	1		9	3		6
2	1					5	4	7
		4					9	
9		2						
3		6		9	2	7	1	8


7		4	2	1			3	
2		3			5		1	4
6	1	5	3	8			7	
8		1	7		6		4	9
		6	1			5		
	4			9	3	2		1
4			9		7		5	
		2			1	4	9	
	5				8			

			3			1		
6	7	1				2		5
					2			
2	8	3	7	6	4		1	
4	6	7		9			2	3
	5		8	2		4	7	6
	9	2	4				5	
	1			3		9		7
5	3	4			9		8	


7		9	4	6		3		
	6		5			9	8	
	5	3					1	4
4					7	8		
	7		2	1	6			
3	2			9			7	
6	9	7	1			4	3	5
8				4	5	7	9	
		1		3	9	2		

		6		5		2		
7		4	3		1			
8				4		7		3
4	9					3		7
	6	1		7				8
3		5		9	2	1		6
		2	6	3	8	5		1
		7		1	9			
5	1		7		4	8	6	

				3			8	
3	7		5			1	6	9
4	2	6	9		1			
1		9				8	2	4
2				9				3
	3		4	6	2		1	
	4				5			8
	8	1	2	7			4	
		3		4	6	2	5	1



Noughts & Crosses



Word Search

H O U W W J B D R I B D P S L E B Y B L
X M D H H F L A A B W V N K T M V P P S
H Q L D Z S O V C B O X M C Z C P B F U
Q Y A H J F M V G E U I D N M L G F Y K
R I T M O O M E B N I J J P U M E E X D
H T L M L Q E R N K O F R N S A J H Z N
O V C R L G O H R E F V F K I J W E X X
Z M Q M H O V A B J X V N O E R E C I O
W R L D D I P W L U T H E R K I I M X G
K O H H D S L C H S Q E N A T A R G B I
W T E X O U I T F D O E O L L I U K M H
P P E T R U S H U P X H E G M N R M N P
T G I K D R S X O N G M C V Y W R O I O
H B H J M D N K T U E U D C S A G S S Z
A K O E X E O X A H W N R S K T S E A V
I B L N W E D B K A E P I D O E X S K R
N K X E J G E P B R P U N T E R O V T D
V L D D J L K Y O Y R C H R I S T U S B
A Y R U J D C G K K G Y Q C A T F G C J
S Q S D H S Q I J H Y A P U W F T C H P

Koffie, Melk, Brood, Suurdeeg, Takbok, Kriek, Moses, Job, Isak,
Petrus, Nero, Christus, Kruis, Water, Bybel, Hemel, Hel, Skaap,
Koei, Blomme

lets om oor te dink...



SON: "Daddy, may I ask you a question?"

DAD: "Yeah sure, what is it?"

SON: "Daddy, how much do you make an hour?"

DAD: "That's none of your business. Why do you ask such a thing?"

SON: "I just want to know. Please tell me, how much do you make an hour?"

DAD: "If you must know, I make \$100 an hour."

SON: "Oh! (With his head down)."

SON: "Daddy, may I please borrow \$50?"

The father was furious.

DAD: "If the only reason you asked that is so you can borrow some money to buy a silly toy or some other nonsense, then you march yourself straight to your room and go to bed. Think about why you are being so selfish. I work hard everyday for such this childish behavior."

The little boy quietly went to his room and shut the door.

The man sat down and started to get even angrier about the little boy's questions. How dare he ask such questions only to get some money?

After about an hour or so, the man had calmed down, and started to think:

Maybe there was something he really needed to buy with that \$ 50 and he really didn't ask for money very often. The man went to the door of the little boy's room and opened the door.

DAD: "Are you asleep, son?"

SON: "No daddy, I'm awake".

DAD: "I've been thinking, maybe I was too hard on you earlier.

It's been a long day and I took out my aggravation on you. Here's the \$50 you asked for."

The little boy sat straight up, smiling.

SON: "Oh, thank you daddy!"

Then, reaching under his pillow he pulled out some crumpled up bills. The man saw that the boy already had money, started to get angry again. The little boy slowly counted out his money, and then looked up at his father.

DAD: "Why do you want more money if you already have some?"

SON: "Because I didn't have enough, but now I do.

"Daddy, I have \$100 now. Can I buy an hour of your time?

Please come home early tomorrow. I would like to have dinner with you."

The father was crushed. He put his arms around his little son, and he begged for his forgiveness. It's just a short reminder to all of you working so hard in life. We should not let time slip through our fingers without having spent some time with those who really matter to us, those close to our hearts. Do remember to share that \$100 worth of your time with someone you love? If we die tomorrow, the company that we are working for could easily replace us in a matter of days. But the family and friends we leave behind will feel the loss for the rest of their lives. And come to think of it, we pour ourselves more into work than to our family.

Some things are more important.....

Die ontstaan van Afrikaanse gemeentes in die buiteland.



Oor die jare heen is daar al soveel mense wat geëmigreer het na verskillende lande en almal van hulle het ook vir verskillende redes geëmigreer. As 'n mens oor emigrasie gesels is dit glad nie meer eers snaaks of vreemd vir ons nie, 20 of 30 jaar terug ja, maar vandag is dit 'n baie algemene tendens vir mense om te emigreer na die buiteland toe. Dalk is rondtrek deel van die Afrikaner volk se DNA. As mens terug kyk in die geskiedenis, sien mens dat in 1652 met die koms van Jan van Riebeeck dat mense van die buiteland af na die Suidpunt van Afrika begin emigreer het. Dit was natuurlik 'n groot draaipunt in die geskiedenis van Suid-Afrika. Later van tyd het die groot trek plaasgevind waar duisende mense van die Afrikaner volk na die binneland toe begin beweeg het met hulle ossewaens, met net die nodigste goed by hulle. Deesdae trek mense regoor die wêreld heen in 'n fraksie van die tyd.

Hierdie dan nou 'n kort oorsig van Suid-Afrika se geskiedenis, maar die ding waarby ons wil uitkom is die vesting van kerke deur emigrante wat hul self in 'n vreemde land bevind. Die NG Kerk se geskiedenis is nie veel anders as die geskiedenis wat hierbo genoem is nie en mens kan sê dat dit hand aan hand loop eintlik. Net soos wat baie mense die behoefte het om rond te reis net so het baie ook die behoefte om hulle godsdienst te beoefen. Daarom sien ons dat dit nie lank na Jan van Riebeeck se koms was, wat daar 'n kerk ontstaan het nie. Een van die eerste goed wat Jan van Riebeeck doen by sy aankoms aan die Kaap, is om 'n openbare gebed te doen waarin hy die Here dank en Sy seën vra op die onderneming. Jan van Riebeeck het so die Gereformeerde kerktradisie aan die Kaap gevestig.

Dit was nie lank na die koms van Jan van Riebeeck wat die Kaap vinnig begin groei het, bevolking gewys, “eers met die styging van kompanjiedienaars, vryburgers, weesmeisies en vroue uit die moederland, die invoer van slawe uit die Ooste en Afrika, politieke bannelinge, die vesting van vry Asië, die aankoms van die Franse Hugenote en heelwat later die koms van die Britse setlaars” (ngkerk.org.za). Met die koms van die Franse Hugenote het die kerk al hoe sterker begin word en het later stadig maar seker na die binneland toe versprei deur die nedersetters wat getrek het. Intendeel was dit nie waar dit geëindig het nie, met die dat die mense met die slawe en die inheemse bevolking in aanraking gekom het, het daar sendingwerk plaasgevind onder die mens. Hierdie ontmoetings was ook gebruik om bietjie onderrig aan die mense te verskaf. Dit was nie lank voor die mense besef het dat daar ’n drastiese tekort aan predikante was en dit was toe nodig om predikante vanaf die buiteland in te kry. Teen die laat 19de eeu het ’n groot groep besluit om die binneland in te vaar en soos wat hulle gereis het, het hulle oral langs die pad kerke gestig en dit het beteken dat die aanvraag vir predikante al meer geword het.

In vandag se samelewing het ons motors wat ons van punt A na punt B neem en vliegtuie waarmee ons reg rondom die wêreld kan gaan, so die tegnologie het verbeter, maar as ons die tyd waarin ons leef vat en daarna kyk is dit asof geskiedenis homself herhaal. Mense emigreer na die buiteland en nie lank daar na ontstaan daar ’n behoefte om ’n kerk te stig wat aan hulle behoeftes voldoen en hulle kultuur verstaan, dit gee daardie gevoel van “belonging” en dit is wat mense nodig het. Die ding is as mens met mense gesels wat geëmigreer het, sal hulle vir jou sê dat dit soms moeilik is om aan te pas en om iemand of iets van belang te vind. Vandag is daar al hoe meer mense wat emigreer na verskillende lande toe, mense is baie keer slegter af, werksgewys as wat toe hulle in Suid-Afrika gewoon het. Dit dan nou eers daargelaat, met die dat daar al meer mense begin emigreer het, het daar ’n groot behoefte ontstaan rondom by ’n gemeente in te skakel en baie mense het maar die Presbiteriaanse kerke begin bywoon, maar kon nie aanklank vind nie en het toe later besluit om gemeentes te stig wat Afrikaanssprekend is en meer aan hulle behoeftes voldoen.

Daarom kry mens in soveel lande vandag Afrikaanse kerke wat begin is deur die mense wat daar heen geëmigreer het; gemeentes soos die Gereformeerde Evangeliese kerk van Australië, Afrikaanse Christen kerk van Nieu-Seeland, Dubai Afrikaanse gemeente en die SA gemeente in Londen. Hierdie is maar net 'n paar gemeentes wat genoem word, daar is nog baie ander gemeentes wat gestig is in ander lande.



U word hartlik uitgenooi na
**Carols in the
Park**
22 November 2015

17:30

@ Rietondale Park, Northstraat

Christ for
MOOT
vir Christus

You are cordially invited to
**Carols in the
Park**

22 November 2015

17:30

@ Rietondale Park, North Street



**Bring
saam:**

- Stoel of kometers om op te sit
- Flits of kers
- Iets warm om aan te trek - dit raak koel
- Skenking van nie-bederfbare voedsel vir behoeftige gesinne in die Moot

*Piekniekmandjie
ons kuier na die
tyd*

*Liefdeoffer gaan
opgeneem word*

Kerssangdiens
29 Nov 2015
18:30

The Starfish Story

An old man was walking on the beach one morning after a storm. In the distance, he could see someone moving like a dancer.

As he came closer, he saw that it was a young woman picking up starfish and gently throwing them into the ocean. "Young lady, why are you throwing starfish into the ocean?"

"The sun is up, and the tide is going out, and if I do not throw them in they will die," she said.

"But young lady, do you not realize that there are many miles of beach and thousands of starfish? You cannot possibly make a difference."

The young woman listened politely, then bent down, picked up another starfish and threw it into the sea.

"It made a difference for that one."

~Adapted from the original by Loren Eiseley

LIFE'S A DANCE

Let`s be water wise

Maniere om water te bespaar



Genesis1:26-28

26Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.” 27God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.28Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”

Kom ons bid nie net vir reën nie, maar kom ons werk ook verantwoordelik met die water.

- Gebruik net wat jy nodig het. Moenie water mors nie
- As jy stort, probeer dit onder 5 min hou
- As jy bad, probeer om nie meer as 20cm se water te gebruik nie
- Kyk vir waterlekkasies en maak dit reg
- Raporteer ook waterlekkasies in jou omgewing
- Draai die kraan toe as jy tande borsel of skeer
- Probeer om nie jou tuin onnodig nat te maak nie, as jy doen probeer dit in die aand doen
- Vee eerder die plaveisel as wat jy dit afspuit
- Probeer om nie jou kar met `n tuinslang te was nie, gebruik eerder `n emmer met water.
- Belangrik deel die boodskap met ander en gaan lees meer oor water bespaaring

KONTAKBESONDERHEDE

Leraars:

Ds. Leon van Heerden 083 660 1803/ leonvh1600@gmail.com

Ds. Leon Tait 082 601 4235/ taitgesin@gmail.com.

Pastorale hulpe:

Ds. Dirk van Zyl (Seniors) 084 028 8993/caddvanzyl@absamail.co.za

Stanwin Street (Hoërskool-jeug) 079 5255 695/stanwins@gmail.com

Koster:

Frans Viljoen 082 707 5128

Kerkkantoor:

012 331 3531

Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net

Elna du Plessis Nel (Skriba) ngriet@telkomsa.net



GEBEDSLYN: 082 569 6590



GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug



Twitter: @ngrietsuid

